BEEFMASTER
CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA
BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA

SA Stamboek
118 Henrystraat
Bloemfontein
9301

02/11/2022

Wie dit mag aangaan

**AANSOEK OM LIDMAATSKAP**

**Naam:** Splendidior Beefmaster

**Deelnemer Naam:** SPLENDIDIOR BEEFMASTER

**Id nr:**

**BTW nr:**

**Adres:** 25 Berglaan
Dalsig
Stellenbosch
7600
Cape Town

Distrik: Wes Kaap

Hiermee aansoek om lidmaatskap vir prosessering. Sien asseblief aangeheg die bewys van betaling vir die bedrag van R 5 455.00 wat die Genootskap sowel as Stamboek gelde insluit

.

**Beefmaster Groete**

*Magda Boukes*

**Sekretaresse**

SA STAMBOEK STUD BOOK

**Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging**
(Geregistreer in terme van Wet 62 van 1998)
**South African Stud Book and Animal Improvement Association**
(Registered in terms of Act 62 of 1998)

Adres / Address: Posbus / PO Box 270 • Bloemfontein • 9300
Telefoon / Telephone: 051 410 0900
Faks / Fax: 051 447 3964
E-pos / Mail: info@studbook.co.za
Internet: http://www.studbook.co.za

ICAR
CERTIFICATE OF QUALITY
Lid van die Internasionale Komitee vir Diereverbetering
Member of the International Committee for Animal Recording

## Grootvee

**Ras/Breed** BEEFMASTERS
**(Indien Stoetteling/If Stud Breeding)**

Belgie Boerdery Trust.

**EK/ONS,/I/WE,**

1. **TITEL:** (meld PROF., DR., MNR., MEV., MEJ., ens.)
   **TITLE:** (indicate PROF., DR., MR., MRS., MISS., etc.) N/A
2. **VOORLETTERS:/INITIALS:** N/A
   **(NAAM/NAME)**
3. **VAN:/SURNAME:** N/A
4. **ID. NOMMER:/ID. NUMBER:** N/A
5. **BTW NR.:/VAT NO.:** ~~4 5 0 0 1 5 6 2 0 5~~ Belgie BTW no

(Heg asseblief 'n afskrif van die BTW sertifikaat aan./Please attach a copy of the VAT certificate.)

6. **DEELNEMER NAAM:** (indien die deelname nie geregistreer moet word as 'n individu of onder die aansoeker se van nie)
   **PARTICIPANT NAME:** (If not to be registered under the surname of the applicant or as an individual)

~~BRENDAN EN JOSUA VENTER~~
SPLENDIDIOR BEEFMASTER

**ADRES VAN AANSOEKER:/ADDRESS OF APPLICANT:**

7. 25 Berghaan
8. Dalsig Stellenbosch
9. Cape Town
10. **POSKODE: POSTAL CODE:** 7600 **PROVINSIE: PROVINCE:** Kaap.

**DISTRIK: DISTRICT:** Stellenbosch **STREEK: REGION:** Kaap.

**TEGNIESE ADVISEUR: TECHNICAL ADVISOR:**

**TELEFOON NOMMER: TELEPHONE NUMBER:** ( — )

**FAKS: FAX:** ( — ) **SEL: CELL:** ① 082 372 3012 (Annemé Venter) ② 071 243 7518 (Brendan)

11. **E-POS ADRES:**
**E-MAIL ADDRESS:** (i) brendan_venter@outlook.com
(ii.) anneme.venter@gmail.com

12. **TAAL:** (waarin korrespondensie verlang word):
**LANGUAGE:** (in which correspondance is required) **AFRIKAANS** /X/ **ENGELS/ENGLISH** /__/

**DOEN HIERMEE AANSOEK OM DEELNAME AAN DIE VOLGENDE AANTEKENINGDIENSTE VAN SA STAMBOEK/ DO HEREBY APPLY FOR PARTICIPATION IN THE FOLLOWING RECORDING SERVICES RENDERED BY SA STUD BOOK**

**Registrasie-aantekening (Stoetteling)**
**Registration recording (Stud breeding)** [X]

**Produksie-aantekening:** **Vleisbees**
**Production recording:** **Beef** [X]

13. **DEELNAME WORD VERLANG VANAF**
**PARTICIPATION REQUIRED AS FROM** D D M M C C Y Y
/0/1/ /1/1/ /2/0/2/2/

14. **TIPE DEELNAME:/TYPE OF PARTICIPATION:**

/1/ INDIVIDUELE DEELNEMER/INDIVIDUAL PARTICIPANT
/2/ VENNOOTSKAP/PARTNERSHIP:* Aantal vennote:/Number of partners: /__/__/
/3/ MAATSKAPPY/COMPANY #
/4/ REGSPERSOONLIKHEIDSLIGGAAM/BODY CORPORATE #*
/5/ TRUST #*

# Registrasie nr.:/Registration no.:
/I/T/4/6/4/1/1/9/9/6/ / / / / / / / /

/3/ Heg die volgende aan:/Attatch the following:

a) Heg die uittreksel aan uit die notule waar die betrokke besluit genotuleer is./
Please attach the extract of the minutes reflecting the decision.

b) Volle name en adresse van alle aandeelhouers./Full name and address of the shareholders.

c) Skriftelike magtiging aan tekengeregtigdes./Written approval of signatories.

* Gemagtigde persoon/Authorised person

15. **Is u huidiglik of was u voorheen 'n lid van enige Telersgenootskap ten opsigte van dieselfde of enige ander ras?**
**Were you formerly or are you currently a member of any Breeder's Society with regard to the same or any other breed?**
**JA/YES** /__/ **NEE/NO** /X/

Indien JA, dui die naam van die Genootskap hieronder aan, asook u deelnemernommer, indien beskikbaar:
If YES, state the name of the Breeders' Society below as well as your participant number, if available:

**RASGENOOTSKAP:/BREED SOCIETY:**

**NOMMER:/NUMBER:**

# KUDDEBESONDERHEDE / HERD PARTICULARS

**16. PLAAS NAAM:**
**FARM NAME:**
SPIONKOR

**17. DORP OF STAD NAASTE AAN U PLAAS:**
**TOWN OR CITY NEAREST TO YOUR FARM:**
REDDERSBURG

**MELD DIE POSADRES WAARHEEN U KORRESPONDENSIE GESTUUR MOET WORD:**
**POSTAL ADDRESS WHERE YOUR CORRESPONDENCE MUST BE SENT TO:**

**18. ADRESLYN 1/ADDRESS LINE 1**
25 BERGLAAN

**19. ADRESLYN 2/ADDRESS LINE 2**
DALSIG

**20. ADRESLYN 3/ADDRESS LINE 3**
STELLENBOSCH

**21. POSKODE:/POSTAL CODE:** 7600

**TELEFOON NOMMER:/TELEPHONE NUMBER:** ( )( )

**FAKS:/FAX:** ( )( ) **SEL:/CELL:** 082 372 3012/071 243 7518

**22. E-POS ADRES:/E-MAIL ADDRESS:** brendan venter @outlook.com
annemc. venter @ gmail. com

**23. GPS KOöRDINATE (indien beskikbaar):**
**GPS CO-ORDINATES (if available):** -29.686754, 26.090761

**24. MY KEUSE VIR KUDDEKENMERKE IS:** Verstrek asb. ses (6) kombinasies in orde van voorkeur.
**MY CHOICE FOR HERD DESIGNATION MARKS ARE:** Please supply six (6) combinations in order of preference.

A) S B) BJ C) JB
D) BJV E) PRG F) B

**25. SLEGS VIR STOETTELERS: MY/ONS KEUSE VIR VOORVOEGSEL IS:**
**FOR STUD BREEDERS ONLY: MY/OUR CHOICE FOR A PREFIX IS:**
(Verstrek asb. ses (6) keuses in orde van voorkeur.) (Please supply six (6) combinations in order of preference.)
***(Name van dorpe en stede word nie toegelaat nie./Names of towns and cities are not allowed.)***

**VOORVOEGSEL/PREFIX**
A) SPLENDID DIOR
B) PRI MA
C) BROTHERS
D) TAURUS
E) MAROON MACHINE
F) BUBULA

## 26. PAYMENT:/BETALING:

*(Gelde betaalbaar soos per aangehegte fooistruktuur.)*

*(Fees payable as per attached fee structure.)*

**GEBOORTEKENNISGEWINGBOEK:/BIRTH NOTIFICATION BOOK:**
**Indien nie van elektroniese aantekening opsies gebruik maak nie./If not making use of electronic recording options.**
**(Geboortekennisgewingboeke is beskikbaar op aanvraag./Birth Notification Books are available on request.)**

EK ONDERNEEM OM MY AAN DIE BEPALINGE IN DIE GRONDWET EN DIE REëLS, REGULASIES EN VERORDENINGE VAN SA STAMBOEK TE ONDERWERP.

I AGREE TO OBSERVE AND BE BOUND BY THE CONSTITUTION AND THE RULES, REGULATIONS AND BYE-LAWS OF SA STUD BOOK.

ONDERTEKEN TE / SIGNED AT Stellenbosch HIERDIE / THIS 1 DAG VAN / DAY OF November 2022.

HANDTEKENING VAN APPLIKANT OF GEVOLMAGTIGDE
SIGNATURE OF APPLICANT OR AUTHORISED PERSON

HANDTEKENING VAN GENOOTSKAP
SIGNATURE OF SOCIETY

BEEFMASTER

## BEEFMASTER AANSOEKVORM

Ek onderneem om my aan die bepalings van die grondwet en die reëls, regulasies en verordeninge van die Beefmasterbeestelersgenootskap van Suid Afrika te onderwerp. *I hereby undertake to abide by the stipulations and rules, the orders and regulations of the constitution of the Beefmaster Cattle Breeders Society of South Africa*

BEEFMASTER AANSLUITFOOIE / ENROLMENT FEE (VAT incl) **R 1200.00** 1 200

Nb. Fiskale jaar is vanaf 1 Julie tot 30 Junie van die volgende jaar. Met aansluiting betaal jy ledegeld net vir die maande wat oor is.
M.a.w. R 3,300 ÷ 12 = R 275.00 x 10 = R 2750.00, **plus die aansluitfooie**
Ps: Financial year is from 1st July until 30th June the next year. With enrolment you pay only the membership fee of the months left in the year. R5592
Example: R 3,300 ÷ 12 = R 275.00 x 10 = R 2750.00, **plus the enrolment fee.**

**BEEFMASTER LIDMAATSKAPFOOIE / MEMBERSHIP FEE:** MERK AANTAL DIERE : 06792

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | - | 100 | diere / animals | R | 7 188.00 | |
| 101 | - | 200 | diere / animals | R | 10 149.00 | |
| 201 | - | 300 | diere / animals | R | 13 110.00 | |
| 301 | - | 400 | diere / animals | R | 14 260.00 | |
| 401 | - | 500 | diere/animals | R | 15 410.00 | |
| 501 | - | 600 | diere/animals | R | 16 560.00 | |
| 601 | - | 700 | diere/animals | R | 17 710.00 | |
| 701 | - | 800 | diere/animals | R | 18 860.00 | |
| 801 | - | 900 | diere/animals | R | 20 010.00 | |
| 901 | - | 1000 | diere/animals | R | 21 160.00 | |
| 1001 | - | 2000 | diere/animals | R | 21 850.00 | (21 850 + R5.75 per dier vir 100 (of gedeelte) meer as 1000) |
| 2000 + | | | diere/animals | R | 21 850.00 | (21 850 + R5.75 per dier vir 100 (of gedeelte) meer as 1000) |

*BTW INKLUSIEF / VAT INCLUSIVE 15%*

**SA STAMBOEK AANSLUITFOOIE / ENROLMENT FEE: R4 255**

(Deelname – R1100.00 + Voorvoegsel - R550.00
+Produksie Aantekening- R2050.00 + VAT R555.00)

Let wel Stamboekfooie moet direk aan hulle betaal word na rekening :
SA STAMBOEK
STANDARD BANK – 055534
REK NR : 041191358
VERWYSING : STOETNAAM
EPOS BEWYS VAN BETALING SAAM MET AANSOEK NA BEEFMASTER

R4255

**Magda Boukes**

**From:** Anneme Venter <anneme.venter@gmail.com>
**Sent:** Tuesday, 08 November 2022 12:47
**To:** Magda Boukes
**Subject:** Re: Navrae Splendidior Beefmasters

Hi Magda

Ons is happy om voort te gaan met die naam Brothers Beefmasters. Sal ons dan eerder BB as brandmerk kan gebruik asb
Die trustbegunstigdes is my seuns Joshua en Brendan Venter.
Hulle is woonagtig te 25 Berghlaan Dalsig, Stellenbosch 7600.

Ek het vir jou die trust akte gestuur.

Baie dankie

On 07 Nov 2022, at 14:28, Magda Boukes <magdab@studbook.co.za> wrote:

Goeie dag Anneme

Sien asseblief die onderstaande epos soos ontvang vanaf Stamboek in verband met jul aansoek. Ek hoor dus graag van jou in die verband

Vriendelike groete / Greetings

Magda Boukes
Secretariat – Beefmaster

BEEFMASTER
CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA
BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA

**Tel: +27 51 4100 935 / 083 417 7047**
**E-mail: magdab@stemma.co.za**
**Address: P.O.Box 506 | Bloemfontein | 9300**
*Falling down is an accident……Staying down is a choice……..*

**From:** Philna Moelich <philna@studbook.co.za>
**Sent:** Monday, 07 November 2022 14:39
**To:** 'Magda Boukes' <magdab@studbook.co.za>
**Subject:** Navrae Splendidior Beefmasters

Goeie dag Magda

Ek is tans besig met die verwerking van die aansoek. Ek het egter n paar vra alvorens ek die aansoek kan afhandel.

Die voorvoegsel SPLENDIDIOR is nie beskikbaar vir registrasie nie. Dit behoort reeds aan ander telers. Die eerste moontlike beskikbare voorvoegsel wat ek kan deurstuur is BROTHERS. Ek wil nou net graag hoor of die lidmaatskap naam (Die naam wat op kataloguste en ledelyste verskyn) eerder dan moet verander na BROTHERS BEEFMASTER?

Ek kort da nook bevestiging van die eienaarskap van die stoet. Die regsentiteit is gemerk as n trust. Ek kort dus die trust se inligting en gemagtigde persone se name en adresse van die aandeelhouers. Die trust is dan die eienaar van die stoet.

Baie dankie en heerlike dag

Kind regards / Groete

**Philna Moelich**
**Admin Clerk:** Participation Administration, Passports

E philna@studbook.co.za P +27 51 410 0910

LOGIX **South African Stud Book and Animal Improvement Association**
118 Henry Street, Westdene, Bloemfontein, South Africa

www.StudBook.co.za | www.LOGIX.org.za | www.SADairyBulls.co.za | www.SABeefBulls.co.za

The content of this email is confidential and intended for the recipient specified in message only. It is strictly forbidden to share any part of this message with any third party, without a written consent of the sender. If you received this message by mistake, please reply to this message and follow with its deletion, so that we can ensure such a mistake does not occur in the future. Please read the full disclaimer here.

**Magda Boukes**

| | |
|---|---|
| **From:** | Anneme Venter <anneme.venter@gmail.com> |
| **Sent:** | Tuesday, 08 November 2022 12:36 |
| **To:** | Magda Boukes |
| **Subject:** | Fwd: België Boerdery Trust |
| **Attachments:** | Belgie Boerdery Trust_Magtigingsbrief.pdf; Untitled attachment 01307.html |

Na aanleiding van jou mail Magda

Baie dankie
Sent from my iPhone

Begin forwarded message:

> **From:** Lindie Meyer <lindie@almira.co.za>
> **Date:** 08 November 2022 at 10:17:45 SAST
> **To:** anneme.venter@gmail.com
> **Subject: België Boerdery Trust**
>
> Hi Anneme,
>
> België Boerdery Trust se registrasie nommer is: IT464/96.
>
> Ek heg vir jou die magtigingsbrief en trustakte aan - magtigingsbrief dui aan dat jy en Brendan die trustees is.
>
> Laat weet gerus indien ek verder van hulp kan wees.
>
> Groete,


**Lindie Meyer**
Director - Professional Accountant (SA)
M +27 (0)82 616 3008 T +27 (0)21 854 6731

**Almira Business and Financial Management Services.**
17 De Beers Street, Strand, 7140, South Africa

www.almira.co.za **for tailored business solutions**


Disclaimer

The information contained in this communication from the sender is confidential. It is intended solely for use by the recipient and others authorized to receive it. If you are not the recipient, you are hereby notified that any disclosure, copying, distribution or taking action in relation to the contents of this information is strictly prohibited and may be unlawful.

J246

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEWYSIGDE

# MAGTIGINGSBRIEF

Ingevolge Artikel 6(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988
(Wet 57 van 1988)

**NO: IT464/96**

HIERMEE WORD GESERTIFISEER DAT

**ANNEMÉ VENTER en**
**BRENDAN VENTER**

gemagtig word om as trustee(s) van die

**BELGIE BOERDERY TRUST**

op te tree.

Gegee onder my hand te BLOEMFONTEIN op hede die ..30ste

dag van Augustus........ 2010.

**MEESTER VAN DIE VRYSTAATSE HOË HOF**
**(Bloemfontein)**

MASTER OF THE HIGH COURT
2010 -08- 30
BLOEMFONTEIN
MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

# T R U S T A K T E

## DIE BELGIE BOERDERY TRUST

**OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N SKENKING IN TRUST GEMAAK**

deur

**MORITZ CHRISTIAAN JOZEFF BOBBERT**
**Identiteitsnommer : 330416 5018 006**

in sy hoedanigheid as SKENKER

aan

**JOHANNES PETRUS DE WET**
**Identiteitsnommer : 381015 5003 006**

in sy hoedanigheid as TRUSTEE

ten behoewe van die trustbegunstigdes uiteengesit in klousule 2.3

## 1. INLEIDING

Dit word geboekstaaf dat die SKENKER die hierna vermelde Trust reeds mondelings ingestel het vir die doeleindes en op die voorwaardes hierna vollediger uiteengesit.

## 2. WOORDOMSKRYWING

In hierdie Trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk,

2.1 sluit woorde wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in en omgekeerd,

sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in en omgekeerd,

sluit woorde wat persone aandui ook regspersone in.

2.2 sal die volgende uitdrukkings die volgende betekenis hê, naamlik:

2.2.1 "Trustees" beteken die eerste Trustees en hulle opvolgers van tyd tot tyd van die Trust;

2.2.2 "Trustfonds" beteken:

2.2.2.1 Die bedrag van **R100,00** synde die skenking wat in terme van Klousule 4.1 hiervan gemaak word; en

2.2.2.2 Alle bates, roerend en onroerend, testamentêre bemakings, skenkings, erfenisse, kontant en beleggings betaal of oorgedra aan en aangeneem te word deur die Trustees as byvoeging tot die Trustfonds of enige vervanging daarvan; en

2.2.2.3 Enige vermeerderings gemaak tot die Trustfonds kragtens die bevoegdhede vervat in hierdie Trustakte.

2.2.3 "Trust Begunstigdes" sal insluit enige van die Inkomste- en Kapitaal begunstigdes wat slegs uit natuurlike persone en/of 'n Trust hieronder genoem waarvan die Trustbegunstigdes en Trustees slegs uit natuurlike persone mag bestaan:

2.2.3.1 "Inkomste en Kapitaal Begunstigdes" sal insluit enige van die volgende partye:

2.2.3.1.1 **ANNEMé VENTER (Gebore de WET)**, in haar persoonlike hoedanigheid;

2.2.3.1.2 en/of enige kind of kinders gebore of nog gebore te word, (insluitende enige aangenome of gewettigde kind of kinders) van die gesegde **ANNEMé VENTER;**

2.2.3.1.3 en/of die wettige afstammelinge gebore of nog gebore te word, (insluitende enige aangenome of gewettigde kind of kinders) van die partye genoem in Klousule **2.2.3.1.2;**

2.2.3.1.4 en/of die Trustees van enige Trust geskep kragtens die bepalings van Klousule **15.2;**

2.2.4 "Die Vestigingsdatum" sal sodanige datum wees as wat die Trustees in hulle vrye en uitsluitlike diskresie te enige tyd kragtens enige skriftelike dokument mag bepaal;

2.3 dien opskrifte bloot as verwysing en vir gerief en sal geensins gebruik word om die inhoud van die akte te interpreteer nie.

## 3. BENOEMING VAN BEGUNSTIGDES

Die Trustees benoem kragtens hierdie Akte van tyd tot tyd, sal geregtig wees om voor die Vestigingsdatum van die Trust die Kapitaal Begunstigdes tussen die Partye in Klousule **2.2.3** skriftelik aan te wys en te bepaal in welke verhouding, welke verhouding nie gelyk hoef te wees nie, die trustfonds tussen die benoemde Kapitaal Begunstigdes verdeel moet word.

## 4. SKENKING

4.1 Die Skenker skenk hiermee die bedrag van **R100,00** aan die Trustees ten behoewe van die begunstigdes as 'n skenking inter vivos en namens homself en sy Eksekuteur onthef die Skenker vir altyd die Trustees en elke Begunstigde van, en vrywaar elkeen van hulle teen enige eis deur sy Eksekuteur vir die terugbetaling van boedelbelasting ten opsigte van hierdie skenking ingevolge die Boedelbelastingwet Nr 45 van 1955, of van enige soortgelyke belasting wat betaalbaar is ingevolge enige Wet wat van tyd tot tyd die gesegde Wet herroep, vervang, aanvul, verander of wysig.

4.2 Die skenking kragtens klousule 4.1 hierbo gemaak, vestig onmiddellik in die Trustees ten behoewe van die begunstigdes en die Trustees sal die Trustfonds en die inkomste daarvan beheer, onderhewig aan die terme en op die voorwaardes en met die bevoegdhede en bepalings hierin genoem en vervat.

## 5. NAAM

5.1 Die Trust sal bekend staan as **DIE BELGIE BOERDERY TRUST.**

5.2 Die Trustees sal geregtig wees om te enige tyd van tyd tot tyd die naam van die Trust te wysig.

## 6. AANVANKLIKE EN OPVOLGENDE TRUSTEES

6.1 Die Eerste Trustees sal die volgende persone wees, wat hiermee sodanige aanstelling aanvaar:

6.1.1 **JOHANNES PETRUS DE WET**

6.2 Bykomstige en/of opvolgende trustees sal wees:

6.2.1 sodanige persoon of persone as wat die Trustees in Klousule 6.1 hierbo vermeld, kragtens enige skriftelike dokument opgestel gedurende hul leeftyd gesamentlik mag benoem as bykomstige en/of opvolgende Trustees;

6.2.2 sodanige persoon of persone soos benoem kragtens skriftelike dokument deur die langslewende van die Trustees in Klousule **6.1** hierbo vermeld.

6.3 Die bykomstige en/of opvolgende Trustees sal al die magte, regte en verpligtinge as Trustee(s) hê soos uiteengesit in hierdie Trustakte.

6.4 Indien die Trustees vermeld in **Klousule 6.1** hierbo, nie 'n bykomstige en/of opvolgende Trustee benoem na hul bedanking, uittrede of afsterwe nie, sal die Rekenmeester of persone wat met die Trust se boeke gehandel het, 'n Vergadering van familielede van die Begunstigdes verwant aan hulle tot die eerste graad belê, en sal sodanige familielede twee Trustees benoem by wyse van meerderheidsbesluit en sal dieselfde werkswyse deur die voormelde partye gevolg word ten einde te verseker dat daar altyd twee (2) persone as Trustees van die Trust optree, nadat die party/e genoem in Klousule **6.1** opgehou het om Trustee(s) te wees.

## 7. BENOEMING VAN ALTERNATIEWE TRUSTEES

7.1 Elke Trustee sal bevoeg wees om enige ander persoon te benoem om as sy alternatief op te tree gedurende sy afwesigheid of sy onvermoë om as Trustee op te tree, mits die persoon wat so aangestel word goedgekeur is deur die oorblywende Trustees.

7.2 'n Alternatiewe Trustee sal, terwyl hy optree in die plek van die Trustee wat hom benoem het, die pligte en funksies van die Trustees wat hy verteenwoordig uitoefen en nakom.

## 8. BEëINDIGING VAN DIE AMP VAN TRUSTEE

8.1 Die amp van 'n Trustee sal ipso facto beëindig en vakant wees:

8.1.1 indien hy skriftelik bedank; of

8.1.2 as hy geestelik versteurd of swaksinnig raak; of

8.1.3 indien hy onbevoegd en/of onbekwaam is om as Trustee op te tree; of

8.1.4 indien hy insolvent verklaar word of boedel oorgee of 'n kompromie met sy skuldeisers aangaan; of

8.1.5 indien hy in terme van die Maatskappywet wat van tyd tot tyd van krag is, gediskwalifiseer is om as 'n Direkteur van 'n Maatskappy op te tree.

## 9. ADMINISTRASIE VAN DIE TRUST DEUR TRUSTEES

9.1 Die Trustees mag vergader vir die afhandeling van sake, verdaag en hul vergaderings na goeddunke reël. Enige Trustee sal te enige tyd geregtig wees om 'n vergadering van Trustees te belê. 'n Kworum vir doeleindes van hierdie Trust sal die meerderheid van die Trustees in amp van tyd tot tyd wees.

9.2 Onderhewig daaraan dat hulle uitvoering gee aan die terme en voorwaardes van hierdie Trustakte, sal die Trustees in die administrasie van die Trust sodanige prosedure volg en sodanige administratiewe stappe doen as wat hulle van tyd tot tyd nodig en raadsaam mag ag.

9.3 Alle kontrakte, aktes en ander dokumente wat namens die Trust geteken moet word, sal op so 'n wyse geteken word as wat die Trustees van tyd tot tyd skriftelik mag bepaal.

9.4 Die Trustees mag van tyd tot tyd 'n Geoktrooïeerde Rekenmeester (SA) of 'n Lid van die Instituut van Rekenkundige Tegnici van Suider Afrika, (in hierdie Trustakte na verwys as die Rekenmeester van die Trust), aanstel om as die Rekenmeester van die Trust op te tree en om die funksies wat hierna in hierdie paragraaf omskryf is, uit te voer. Op die 28ste (of in skrikkeljaar, die 29ste) dag van FEBRUARIE (of op sodanige ander datum as wat die Trustees van tyd tot tyd skriftelik mag bepaal), van elke jaar, sal die Trustees 'n rekening van die administrasie van die Trust laat opstel waarin die kapitaal van die Trust uiteengesit word met alle byvoegings daartoe en alle ontvangste en betalings deur die Trustees gemaak en die wyse waarop die Trustfonds gehou en belê is. Elke begunstigde in terme van die Trustakte of sy regsverteenwoordiger sal op versoek geregtig wees op 'n ware afskrif van elke sodanige rekening.

## 10. MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN TRUSTEES

### 10.1 ALGEMEEN

10.1.1 Die Trustees sal geregtig wees om in die algemeen elke handeling, daad, aangeleentheid of saak van watter aard ookal te verrig, uit te voer en toe te laat al na ons voornoemde Trustees nodig of raadsaam ag in of rakende sake van die Trust.

10.1.2 Die Trustees sal, mutatis mutandis, al die bevoegdhede hê ten opsigte van die Trust soos uiteengesit in Bylae 2(a) tot (u) tot die Maatskappywet Nr 61 van 1973, hierby aangeheg as Aanhangsel "A" en as sulks deel vorm van hierdie Trustakte.

## 10.2 SPESIALE MAGTE EN BEVOEGDHEDE

Sonder benadeling van die algemeenheid van die bevoegdhede wat in sub-paragraaf 1 hiervan vermeld is, het die Trustees die volgende bykomstige magte, bevoegdhede, voorregte en regte:

### 10.2.1 VORDERINGS TEN GUNSTE VAN EN TEEN TRUST

10.2.1.1 Om vir die Trust en in die naam van die Trust en vir rekening van die Trust, alle skulde of bedrae, goedere en sake van watter aard ookal wat tans aan die Trust betaalbaar of verskuldig is of aan die Trust behoort of wat hierna aan die Trust betaalbaar of verskuldig mag word of mag toeval, te vorder, in 'n bevoegde Hof te eis, te verhaal en te ontvang.

10.2.1.2 Om alle rekenings, skulde, eise, vorderings, geskille en aangeleenthede wat tussen die Trust en enige persoon, maatskappy, beslote korporasie, Trust, enige ander regspersoon of watter liggaam ookal mag bestaan of ontstaan, te reël, by te lê, te skik en aan arbitrasie te onderwerp en om vir die doel van arbitrasie die nodige aktes en stukke vir daardie doel te onderteken en te verly.

10.2.1.3 Om kwitansies, ontheffings of ander effektiewe kwyting te gee en te verleen vir enige bedrag of saak namens die Trust verhaal.

10.2.2 **VERHURINGS**

10.2.2.1 Om enige onroerende eiendom of roerende eiendom wat onder die Trust val te verhuur, onder deelsaai uit te gee, hetsy by wyse van publieke veiling, uit die hand uit of per openbare tender.

10.2.2.2 Om in enige huurkontrak van enige plaaseiendom die spesiale voorwaarde te stipuleer dat die Huurder uitvoering sal gee aan alle bepalings en voorwaardes soos vervat in die grondbewaringswet.

10.2.2.3 Om huur in te vorder en te ontvang, en indien nodig, enige huurkontrak of ander huur te beëindig en alle nodige geregtelike stappe in te stel vir uitsetting of andersins in verband met sodanige huurkontrak of ander huur of die beëindiging daarvan.

**10.2.3 OPEN VAN BANKREKENINGS EN BELEGGINGS**

10.2.3.1 Om enige bankrekening, (insluitende Vennootskapsrekening) te open en 'n oortrekking daarop te verkry, om tjeks te trek, te teken en te endosseer, om wissels en promesse te trek, te aksepteer en te endosseer.

10.2.3.2 Om in hulle uitsluitlike diskresie die fondse van die Trust en/of enige gedeelte daarvan te belê soos hulle van tyd tot tyd mag goedvind en verder om beleggings te maak in Bouverenigings, Banke, Versekeringsmaatskappye, versekerde of onversekerde lenings, verbande, skuldbriewe, Staats- of Munisipale effekte, Effektetrusts, Effektebeursaandele, Verdedigingsobligasies, of op deelnemingsverbande, of beleggings beskikbaar by geregistreerde versekerings-, effekte trust- en Trust Maatskappye, op enige effektebeurs of ander finansiële instelling met die mag om die beleggings te verander of te wysig, dit te realiseer op sodanige wyse as wat hulle mag goedvind en weer her te belê kragtens hierdie Klousules.

**10.2.4 ONTWIKKELING EN BENUTTING VAN ROERENDE EN ONROERENDE EIENDOMME**

10.2.4.1 Om roerende en onroerende eiendom asook patente en patentregte, kleims en ander mynregte van enige aard

te verkry, hou, benut of te laat benut, ontwikkel, verhuur, huur, koop of te verkoop, hetsy by wyse van publieke veiling, uit die hand uit of per openbare tender, en om in verband met enige koop of verkoop die nodige verklarings betreffende die juistheid van die koopprys af te lê om na gelang van omstandighede die nodige kontrakte of aktes en transportaktes of huurkontrakte in verband met enige vaste of huureiendom, standplase, patente of patentregte, kleims, mynregte of mynpagte in behoorlike en gebruiklike vorm ooreenkomstig plaaslike Wette en gebruike te ontvang, te maak en te verleen. Verder om volgens hulle diskresie enige vaste eiendom te verdeel in kleiner plase, hoewes, plotte, erwe, eenhede of deeltiteleenhede en deeltydskemas en om die nodige registers daarvoor te open.

10.2.4.2 Om enige vaste eiendom wat 'n bate van die Trust is, te laat bewoon deur die Trust begunstigdes en hul voogde of ouers of omsieners, om dit te bewerk of te laat bewerk (insluitende die bestuur en boerdery van plantasies, boorde, saaiery, melkery en vee- en wildboerderye) of te verhuur of onder opsie te gee vir die prospekteer en/of myn van minerale, metale of edelgesteentes of om te prospekteer of te laat myn vir minerale, metale of edelgesteentes of ander kosbaarhede of om enige ontginning of ontwikkeling van die grond of regte daarop/daaronder van enige aard hoegenaamd te onderneem of te laat onderneem, en om enige minerale, metale, edelgesteentes of ander kosbaarhede te slyp, te verwerk, te verkoop of dit te laat doen of andersins daarmee te handel of om enige

serwiture teen of ten gunste van enige regte in of op of onder grond of enige ander goed te verkry of te gee as wat volgens hulle diskresie direk of indirek in belang van die Trust mag wees.

10.2.4.3 Om enige erwe, dorpsgebied, plase, klein plasies, hoewes, buitegeboue behorende aan die Trust te ontwikkel, te verander, te verbeter, geboue daar op te rig, sodanige geboue of enige deel daarvan in deeltiteleenhede en/of deeltydeenhede te omskep, te verhuur, te verkoop en/of op enige wyse van die hand te sit, en/of om met voormelde bates te handel volgens hulle diskresie.

10.2.4.4 Om enige woonplek (soos byvoorbeeld 'n huis, tuinhuis, meenthuis, 'n woonstel, verblyfplek in 'n ouetehuis of in enige inrigting vir oues van dae, of soortgelyke woonplek) te koop of te huur, of om grond te koop om 'n woonplek daarop te bou vir die persoonlike gebruik en okkupasie deur enige van die Trust Begunstigdes indien hulle van mening is dat dit in belang is van sodanige Trust Begunstigde, sodanige huurgeld te vra as wat hulle in hul vrye en uitsluitlike diskresie mag besluit en om gemelde grond en woonplek weer te verkoop na hul goeddunke.

10.2.4.5 Om enige besigheid van welke aard ookal te koop, te begin of op enige ander wyse te bekom en sodanige besigheid te bedryf soos wat hulle in hulle vrye en uitsluitlike diskresie mag besluit.

10.2.5 **LENINGS**

10.2.5.1 Om geld uit te leen en te leen teen enige voorwaardes en om skuldbewyse daarvoor te vra en te gee en om enige trustbate of bate van die Trust, insluitende vaste eiendom en roerende goedere te verpand of onder verband te verbind of op enige ander wyse te beswaar en as sekuriteit te vra en te gee vir enige lening wat hulle volgens hul uitsluitlike diskresie wens toe te staan en aan te gaan, laasgenoemde ten einde enige bates of belegging vir die Trust aan te koop of ander transaksies te finansier en om voorsiening te maak vir bedryfskapitaal en om die boerdery, besigheids- en/of ander bedrywighede van die Trust voort te sit of om enige Trustbate te ontwikkel of te ontgin of geboue daarop op te rig of om voorsiening te maak vir belastings of om bestedings te doen om Trustbates of bates van die Trust teen verval te beskerm of te verbeter of om trusteiendomme te laat verdeel of enige bestedings te doen ten einde trustbates in beter verkoopbare toestand te bring.

10.2.5.2 Om (hetsy sonder vergoeding of vir vergoeding) nakoming van die kontrakte of verpligtinge van enige persoon, maatskappy, Beslote Korporasie of Trust te waarborg en om op sodanige voorwaardes en teen sodanige rentekoers of rentevry en met of sonder sekuriteit lenings te doen aan sodanige Persoon, maatskappy, Beslote Korporasie of Trust as wat hulle mag goeddink insluitende enige Trust Begunstigde, al is so 'n Trust Begunstigde ook 'n Trustee.

10.2.6 **REGSGEDINGE**

10.2.6.1 Om persone aan te stel om enige handeling te verrig en vergoeding daarvoor te betaal, om agente en verteenwoordigers aan te stel, om alle prosesse, gedinge, eise, vorderings en verrigtinge in verband met die Trust of eiendom wat val onder die Trust, in of voor enige Hof of ander liggaam in die Republiek van Suid-Afrika of in enige ander gebied of land op die Vasteland van Afrika en elders ter wêreld in te stel, voort te sit, te verdedig, te skik of daarvan afstand te doen.

10.2.6.2 Om enige vergadering van skuldeisers van enige persoon, maatskappy, beslote korporasie, sindikaat of trusts, wat teenoor die Trust verskuldig is by te woon, of dit in insolvensie, likwidasie, onder geregtelike bestuur in terme van die Landboukrediet Wet of andersins is, en om die eis namens die Trust op daardie vergadering of vergaderings te bewys en om aldaar te stem in verband met alle aangeleenthede wat aan daardie vergadering voorgelê word, en om vir die verkiesing van kurators, likwidateurs, geregtelike bestuurders of beredderaars te stem of dit te steun en om in die algemeen alle regte waarop die Trust as skuldeiser aanspraak kan maak, uit te oefen.

10.2.7 **AANWENDING VAN INKOMSTE**

10.2.7.1 Om van die inkomste van die Trust in die Trust te behou; en/of

10.2.7.2 Om in hulle vrye en uitsluitlike diskresie van die inkomste aan te wend vir die behoorlike onderhoud, welvaart, opvoeding, kleding, mediese sorg, algemene welsyn asook vir skool, naskoolse en universiteitsopleiding van die Trust Begunstigdes; en/of

10.2.7.3 Om soveel van die inkomste in sodanige verhouding as wat hulle mag besluit, uit te betaal aan enige van die Trust Begunstigdes, waarna hulle met die inkomste kan handel soos wat hulle in hulle vrye en uitsluitlike diskresie mag besluit; en/of

10.2.7.4 Om soveel van die inkomste toe te deel en toe te ken aan enige Trust Begunstigde van elke afsonderlike Trust, in sodanige verhouding as wat hulle mag besluit, sonder om sodanige inkomste aan sodanige Trust Begunstigde uit te betaal of te oorhandig; welke toegedeelde en toegekende inkomste apart in Trust vir sodanige Trust Begunstigde gehou mag word om daarmee te handel na goeddunke en op enige latere datum aan sodanige Trust Begunstigde oor te betaal of te oorhandig; en/of

10.2.7.5 Indien die Skenker aangeslaan sou word vir belasting ten opsigte van enige inkomste ontvang deur of toegeval aan die Trustees, sal die Trustees uit die inkomste van die Trust die aangeslane belasting betaal, en as die Skenker die belasting betaal het, sal die

bedrag daarvan aan die Skenker verskuldig wees. Die aangeslane belasting sal beteken die verskil tussen die belasting aangeslaan op die Skenker se inkomste, insluitende sodanige inkomste onmiddellik hierbo na verwys, en die belasting wat aangeslaan sou wees met uitsluiting van sodanige inkomste.

10.2.7.6 Om van die inkomste van die Trust aan te wend vir beleggingspaaiemente, lewensversekerings- en/of annuïteitspremies vir polisse op die lewe van die trustbegunstigdes, die Trustees en/of ampsdraers van die Trust en mag sodanige premies na hulle oordeel beskou word as uitgawes van die Trust of 'n toevalling, toekenning of vergoeding aan die versekerde van kontantbedrag gelykstaande aan die paaiemente of premies na gelang van omstandighede.

10.2.7.7 Om alle koste en uitgawes wettiglik deur hulle aangegaan in verband met die administrasie van die Trust (met inbegrip van hulle vergoeding en enige inkomstebelasting wat deur hulle in hul verteenwoordigende hoedanigheid ten opsigte van die inkomste daarvan betaalbaar mag word), sal deur hulle uit die Inkomste van die Trustfonds betaal word.

10.2.7.8 Om te besluit of enige opbrengs wat deur die Trust ontvang word, kapitaal of inkomste daarstel;

10.2.7.9 Om enige balans inkomste te voeg by die kapitaal van die Trust(s);

## 10.2.8 REGSPERSONE EN VENNOOTSKAPSBELANGE

10.2.8.1 Om enige aandele in enige Maatskappy, Beslote Korporasie of Vennootskap op enige plek in die wêreld te koop en te verkoop en om maatskappye, Beslote Korporasies of Vennootskappe op enige plek in die wêreld op die koste van die Trustfonds op te rig, of te likwideer of ontbind, hetsy Maatskappy met beperkte of onbeperkte aanspreeklikheid met die doel onder andere om die geheel of enige gedeelte van die Trustfonds vir enige Trust Begunstigde te verkry. Die vergoeding vir die verkoping van die Trustfonds of enige gedeelte daarvan aan enige maatskappy opgerig ingevolge hierdie sub-artikel mag geheel of gedeeltelik bestaan uit volopbetaalde skuldbriewe of skuldbriefeffekte of ander sekuriteite van die Maatskappy en mag gekrediteer word as volopbetaal en mag toegeken word aan of andersins vestig in die Trust en beskou word as kapitaal van die Trustfonds.

10.2.8.2 Om die stemreg verbonde aan enige aandele of Vennootskapbelang wat van tyd tot tyd deel is van die Trustfonds, uit te oefen op die wyse wat hulle goeddink en die reg hê om, hetsy alleen of tesame met enige ander persoon of persone, sodanige reëlings te tref as wat hulle mag goeddink vir die doel om die likwidasie, rekonstruksie of amalgamasie van enige een van die maatskappy van wie se kapitaal genoemde aandele deel uitmaak, te veroorsaak, en die reg hê om sodanige ooreenkoms of ooreenkomste as wat hulle dus betreffend van pas ag, te sluit en uit te voer.

10.2.8.3 Om, hetsy alleen of tesame met ander persone, die kapitaalwaarde van enige aandele van enige maatskappy wat van tyd tot tyd en vir tyd en wyl deel van die Trustfonds uitmaak, te laat reorganiseer, konsolideer, saamsmelt of herreël en om ingevolge sodanige reorganisasie, konsolidasie, samesmelting of herreëling enige bates wat voortspruit uit hulle deelname aan sodanige aangeleenthede te ontvang en voortgaan om dit as deel van die Trustfonds te hou.

10.2.8.4 Om enige regte van omskepping of inskrywing verbonde aan enige aandele wat te enige tyd deel is van die Trustfonds, uit te oefen, of, in hulle diskresie, om enige sodanige regte te verkoop of te gelde te maak, maar wanneer ookal beleggings gemaak word deur die uitoefening van regte van omskepping of inskrywing, word die aandele of ander regte wat ontvang word geag deel van die Trustfonds uit te maak.

10.2.8.5 Om van tyd tot tyd enige stemregte verbonde aan enige aandele wat van tyd tot tyd deel uitmaak van die Trustfonds, te gebruik om sodanige verandering wat hulle mag goedvind in die Raad van Direkteure of in die ander beamptes van enige van die betrokke Maatskappye te bewerkstellig en geregtig wees om een of meer uit hulle eie geledere as sodanige Direkteure of Beamptes aan te stel of te laat aanstel of om 'n ander persoon of persone as sodanig te laat aanstel om as die Trustees se benoemdes op te tree. Enige Trustee wat enige fooi, salaris, bonus of kommissie van enige sodanige Maatskappy ontvang vir dienste aan sodanige Maatskappy gelewer, sal geregtig wees om dit vir sy eie

voordeel te behou en nie verplig wees om daarvan verslag te doen nie.

10.2.8.6 Om indien die Statute van enige Maatskappy die oordrag sou verbied, of enige Maatskappy sou weier om enige aandele wat deel vorm van die Trustfonds in die naam van die Trustees as sodanig oor te dra, sal hulle geregtig wees om die aandele in hulle eie naam of name van een of meer van hulle of in die naam van hulle benoemdes, oor te dra.

10.2.8.7 Alle bepalings onder sub-paragraaf 11.2.8 sal mutatis mutandis van toepassing wees op Beslote Korporasies.

10.2.9 **AFSTERWE TRUSTBEGUNSTIGDE**

Indien, om welke rede ookal daar 'n persoon soos genoem as Trust Begunstigde nie op die Vestigingsdatum leef nie, sal hulle geregtig wees om die Trustbates en Trustinkomste oor te betaal, te oorhandig of te transporteer aan die ander Trust Begunstigdes en indien hulle ook nie leef nie dan aan enige ander bloedverwante persoon of persone, ingesluit die eggenoot/eggenote of ouers van die Trust Begunstigdes.

10.2.10 **LANDBANK, LANDBOUKREDIETRAAD EN KOÖPERASIES**

10.2.10.1 Om by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika (hierna genoem die Landbank) aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustbates, roerend sowel as onroerend en op sodanige voorwaardes soos wat deur die Landbank bepaal mag word.

10.2.10.2 Om by die Landboukredietraad of enige vervangde instelling of soortgelyke instelling aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustbates, roerend sowel as onroerend en op sodanige voorwaardes as wat deur die Landboukrediet Raad bepaal mag word.

10.2.10.3 Om by enige Landboukoöperasie aan te sluit as lid en aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustbates, roerend sowel as onroerend en op sodanige voorwaardes as wat deur die Landboukoöperasie bepaal mag word.

10.2.11 **BUITE RSA AANWENDING**

Om alle magte, regte, bevoegdhede en verpligtinge wat hulle kragtens hierdie Trustakte verkry, uit te oefen in enige land buite die Republiek van Suid-Afrika.

10.2.12 **BEMAKINGS AAN DIE TRUSTEES OF TRUST KRAGTENS ENIGE TESTAMENTêRE BEMAKING**

10.2.12.1 Die Trustees word hiermee gemagtig om enige bemaking aan die Trust of aan hulle in hulle hoedanighede as Trustees te aanvaar, onderworpe aan enige voorwaardes daarteen gemaak deur die Persoon wat die bemaking maak. Die Trustees sal geregtig wees om enige beperkende term en/of voorwaarde en/of mag verleen aan hulle te wysig, te verander of te skrap by wyse van Notariële Akte ten einde voorsiening te maak vir die ontvangs van enige testamentêre bemaking.

## 11. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

11.1 'n Trustee is nie persoonlik aanspreeklik vir enige verlies wat die Trust mag ly nie, ongeag die rede daarvoor, tensy sodanige verlies uit 'n opsetlike onregmatige handeling of late of die growwe nalatigheid van 'n Trustee voortspruit. 'n Trustee is nie vir 'n bedrieglike handeling van 'n mede-trustee aanspreeklik nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

## 12. SEKERHEIDSTELLING

Die Skenker bepaal uitdruklik dat die eerste Trustees en alle toekomstige Trustees (gesamentlik en afsonderlik), vrygestel sal wees van enige verpligting om sekuriteit te verskaf in verband met hulle aanstelling en/of vir die behoorlike administrasie van die Trustfonds aan die Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of aan enige ander beampte soos bepaal in

enige Wet wat tans van krag is of wat van krag mag word in verband met Trusts en die beskerming van Trustgeld, en die Meester en enige sodanige ander amptenare word hierby aangesê om van enige sodanige sekuriteit af te sien.

## 13. DISKRESIE VAN TRUSTEES

13.1 Die diskresie wat hierby aan die Trustees verleen word, sal 'n absolute en onbelemmerde diskresie wees en dit sal nie van die Trustees verlang word om aan enige Trust Begunstigde hierkragtens enige rede of bewys van bevoegdheid te verstrek vir die manier waarop enige sodanige diskresie uitgeoefen is nie.

13.2 Nieteenstaande enige iets tot die teendeel hierin vervat of geïmpliseer, sal geen diskresie of bevoegdheid aan die Trustees of enige ander persoon verleen kragtens enige regsreël of wat voortspruit uit die uitoefening van enige bevoegdheid kragtens hierdie Trustakte aan die Trustees verleen, so uitgeoefen word, en sal niks in hierdie Trustakte sodanige werking hê dat dit tot gevolg sou hê of sou toelaat dat enige gedeelte van die kapitaal of inkomste van die Trustfonds betaalbaar is of sal word of aanwendbaar sal wees, direk of indirek, vir die voordeel van die Skenker nie.

## 14. PROFESSIONELE DIENSTE

Enige Trustee indertyd wat 'n Prokureur of Rekenmeester of ander persoon is wat 'n Professie beoefen of besigheid bedryf, sal geregtig wees om te eis en betaal te word vir alle professionele of ander heffings deur hom of sy

firma gemaak vir besigheid wat deur hom of sy firma met betrekking tot die uitvoering van die Trust gedoen is, hetsy in die gewone loop van sy professie of besigheid of nie, en hetsy sodanige besigheid die indiensneming van 'n persoon in sodanige professie of besigheid genoodsaak het of nie.

## 15. BEPALINGS TEN AANSIEN VAN TRUSTBEGUNSTIGDES

15.1 Die kapitaal en/of inkomste waarop enige Trust Begunstigde geregtig is of mag word uit hoofde van die bepalings van hierdie Trustakte, sal nie voor die betaling daarvan deur die Trustees aan sodanige begunstigde:

15.1.1 sedeerbaar, assigneerbaar of verpandbaar wees deur sodanige Begunstigde nie;

15.1.2 vatbaar wees vir beslaglegging deur enige skuldeiser van sodanige Begunstigde nie of by sy insolvensie in sy Trustee vestig nie.

15.2 Die Trustees sal geregtig wees om verdere Trusts vir enige Begunstigde te skep en om enige van die trustbates aan sodanige Trust te verkoop, op enige ander wyse te vervreem, te skenk en/of oor te dra onderworpe aan dieselfde terme en voorwaardes soos uiteengesit kragtens hierdie Akte asook enige verdere terme en voorwaardes wat slegs bygevoeg mag word om die administrasie van die verdere Trusts te vergemaklik. Indien hierdie Trustees enige van voorgenoemde handelings doen, word hulle hiermee gevrywaar van enige verdere verantwoordelikheid en aanspreeklikheid ten opsigte van voorgenoemde handelings.

15.3 Die Trustees sal geregtig wees indien hulle dit mag goedvind om in hulle eie en uitsluitlike diskresie enige van die Trustbates of Trustinkomste van die Trust aan die Trust Begunstigdes reeds voor beëindiging van die Trust aan enige van die Trust Begunstigdes te oorhandig en sal sodanige Trust Begunstigdes met sodanige bates en/of inkomste handel as sy/haar vrye en uitsluitlike eiendom.

15.4 Enige kapitaal en/of inkomste wat enige van die Trust Begunstigde(s) mag ontvang kragtens die bepalings van hierdie Trustakte, sal nie deel vorm van enige gemeenskaplike boedel of sal nie deel uitmaak van enige boedel van enige persoon met wie sodanige Trust Begunstigde(s) getroud mag wees of mag trou, ewe asof die huwelik tussen hulle nooit bestaan het nie.

15.5 Indien, voordat enige kapitaal en/of inkomste soos voormeld aan enige begunstigde betaal word:

15.5.1 hy/sy voorgee of poog om sodanige kapitaal of inkomste of enige deel daarvan te sedeer, assigneer of verpand; of

15.5.2 hy/sy enige handeling, late of regsproses doen of toelaat waardeur sodanige kapitaal of inkomste of enige deel daarvan, behalwe vir die bepalings van hierdie Klousule sou vestig in of betaalbaar sou word aan enige ander persoon of persone; of

15.5.3 hy/sy insolvent verklaar word of hy/sy sy/haar boedel oorgee,

dan en in enige van die gesegde gevalle sal die reg van die Trust Begunstigde op die kapitaal en/of inkomste dadelik en geheel en al eindig en ten einde loop, voordat dit in hom/haar gevestig het,

onderhewig aan die voorbehoud dat, nieteenstaande enigiets strydigs hierin vervat of geïmpliseer, die Trustees die mag sal hê om ten tye daarvan of op enige latere tyd of tye in hulle eie en absolute diskresie die kapitaal en/of inkomste of enige deel daarvan waarop sodanige begunstigde geregtig sou wees indien sy/haar reg daarop nie geëindig het in ooreenstemming met die bepalings hierbo uiteengesit nie, aan te wend vir die onderhoud, opvoeding, instandhouding of andersins vir die voordeel van alle of enige of een of meer van die volgende persone, te wete die begunstigde wat sy/haar reg verloor het en sy vrou/haar man, indien enige, en sy/haar kinders of verdere wettige afstammelinge, indien enige.

15.6 Geen bepaling in hierdie Trustakte moet so gelees word dat vestiging van enige kapitaal, bates of inkomste van die Trust in enige van die Trust begunstigdes vestig nie, maar sal vestiging van die kapitaal, bates of inkomste van die Trust eers plaasvind sodra enige kapitaal, bates of inkomste deur die Trustees aan die Trust Begunstigdes oorbetaal, oorhandig of getransporteer word.

## 16. VERGOEDING VAN TRUSTEES

Die Trustees sal geregtig wees op 'n vergoeding uit die inkomste van die Trust soos van tyd tot tyd voorgestel word volgens die riglyne van die Prokureursorde van die Oranje-Vrystaat.

## 17. BELANGE VAN DIE TRUSTEES

17.1 Die Trustees word nie uit hoofde van hulle amp verbied om met die Trust enige kontrak aan te gaan nie, en sal geen kontrak nietig wees slegs omdat die Trustees 'n belang in sodanige kontrak het nie, en sal sodanige Trustees nie verplig wees om enige verslag te doen aan enige persoon ten opsigte van enige winste wat hulle mag gemaak het uit hoofde van sodanige kontrak nie, onderworpe egter aan die voorwaarde dat sodanige Trustees hulle belang in sodanige kontrak voor die aangaan daarvan, aan hulle mede-Trustees skriftelik bekend moet maak.

17.2 Die Trustees sal nie geregtig wees om oor enige bates van die Trust te beskik vir hulle eie voordeel of vir die voordeel van hul boedel nie, behalwe soos uitdruklik andersins bepaal in hierdie Trustakte en sal die boedel, bates, rekenings en sake van die Trust apart van dié van die Trustees beheer en administreer word. Alle roerende, onroerende en verhandelbare bates, dokumente, beleggings, sake, transaksies en besigheid moet in die naam van die Trust geregistreer word en geskied of in die naam van die Trustees maar met aanduiding dat dit ten behoewe van, en in hulle hoedanighede as Trustees van die Trust is.

## 18. BEëINDIGING VAN TRUST

Die Trust sal beëindig op sodanige datum na die Vestigingsdatum as wat deur die meerderheid van Trustees skriftelik besluit mag word.

## 19. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

Die Skenker en die Trustees en na afsterwe van die Skenker, die Trustees gesamentlik, sal geregtig wees om die magte van die Trust te verander, aan te vul en te wysig soos wat hulle mag besluit, onderworpe aan die voorwaarde dat dit skriftelik gedoen word en dat dit slegs daarop gemik is om die administratiewe pligte van die Trustees te verbeter en te vergemaklik. Geen wysiging van die klas van Trust Begunstigdes mag ooit aangebring word nie.

## 20. AANVAARDING VAN BEPALINGS VAN TRUSTAKTE

20.1 Die Trustees aanvaar hiermee die voordele wat aan die Trust onder hierdie Trustakte verleen is, en aanvaar ook hiermee hul aanstelling as Trustees op die voorwaardes en bepalings soos uiteengesit in die Trustakte.

## 21. DOMICILIUM

Die Trustees kies *domicilium citandi et executandi* vir doeleindes van betekening van prosesstukke, Lasbriewe vir Eksekusie en die ontvangs van alle Kennisgewings soos bedoel in die Boedelwet No. 66 van 1965 te :

**PAUL ROUXSTRAAT 28**
**DAN PIENAAR,**
**BLOEMFONTEIN.**

GETEKEN te Bloemfontein op 8 Maart 1996

**AS GETUIE:**

1. ____________________

2. ____________________

____________________
**JP DE WET**
**AS TRUSTEE**

GETEKEN te Bloemfontein op 8 Maart 1996

**AS GETUIE:**

1. ____________________

2. ____________________

____________________
**MCJ BOBBERT**
**AS STIGTER**

**Aanhangsel " A"**

BYLAE 2

## GEWONE BEVOEGDHEDE VAN MAATSKAPPYE

By die bevoegdhede van elke maatskappy soos bepaal in artikel 34 van die Wet en behoudens die bepalings van die Wet, die akte en statute van die maatskappy, is die volgende gewone bevoegdhede ingesluit:

(a) om op enige wyse handelsvoorraad, bedryfsuitrusting, masjinerie, grond, geboue, agentskappe, aandele, skuldbriewe en roerende en onroerende goed van enige ander soort of beskrywing te koop of te verkry;

(b) om sy onderneming of al of enige deel van sy goed en bate te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, te ontwikkel, te bebou, te verbeter, voordelig te benut of op 'n ander wyse daarmee te handel;

(c) om aansoek te doen om patente, patentregte, lisensies, handelsmerke, konsessies of ander regte of om dit te koop of op enige ander wyse te verkry, te beskerm, te verleng en te hernuwe en om daarmee te handel en dit te vervreem soos in paragraaf [2](b) bepaal;

(d) om geld te leen;

(e) om die betaling van geldlenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering en verpanding van goed, en, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van enige soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

(f) om geld aan enige persoon of maatskappy te leen;

(g) om geld op enige wyse te belê;

(h) om bankrekenings te open en daarop te opereer en sodanige rekenings te oortrek;

(i) om promesse, wissels en enige ander soort verhandelbare of oordraagbare dokument te maak, te trek, uit te reik, te verly, te aksepteer, te endosseer en te verdiskonteer;

(j) om vrywarings, waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

(k) om 'n maatskappy of maatskappye met die doel om die onderneming of al of enige van die bate of verpligtinge van die maatskappy te verkry of met

enige ander doel wat regstreeks of onregstreeks skyn bereken te wees om die maatskappy te bevoordeel, op te rig en daarin 'n belang te hê en om aan sodanige maatskappy of maatskappye die onderneming of al of enige van die bate of verpligtinge van die maatskappy oor te dra;

(l) om met ander maatskappye te amalgameer;

(m) om deel te neem in die bestuur, toesig en beheer van die sake of bedrywighede van enige ander maatskappy of besigheid en om tot vennootskappe toe te tree;

(n) om 'n persoon of persone te vergoed òf in kontant òf deur die toewysing van aandele (gekrediteer as ten volle opbetaal) vir dienste by sy oprigting of in die uitbouing van sy besigheid gelewer;

(o) om skenkings te maak;

(p) om 'n trust te onderneem en uit te voer;

(q) om as prinsipale, agente, kontrakteurs of trustees op te tree;

(r) om gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas, winsdelingsplanne en ander aansporingskemas ten opsigte van sy direkteure, beamptes en werknemers tot stand te bring;

(s) om enige van sy bate in spesie of in goedere onder sy lede te verdeel;

(t) om kontrakte buite die Republiek aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in 'n vreemde land te verly; en

(u) om 'n seël te hê en om sodanige seël vir enige doel in die Republiek of in 'n vreemde land te gebruik.

# Kennisgewing van Betaling

30 Oktober 2022

Geagte Beefmaster SA

**Onderwerp: Kennisgewing van betaling: Beefmaster SA**

Neem kennis dat BRENDAN VENTER 'n betaling aan u gemaak het in u rekening soos hieronder aangedui.

| | |
|---|---|
| Transaksienommer: | **807ADB1459-1** |
| Datum van betaling: | **2022-10-30** |
| Betaling gemaak deur: | **BRENDAN VENTER** |
| Betaling gemaak aan: | **Beefmaster SA** |
| Banknaam van begunstigde: | **FIRSTRAND** |
| Begunstigde se rekeningnommer: | **62025477028** |
| Bank takkode: | **250655** |
| Vir die bedrag van: | **6 792.00** |
| Onmiddelike interbank betaling: | **N** |
| Verwysing op begunstigde se staat: | **Belgie Boerdery trus** |

**Besigtig jou rekening om te bevestig dat jy hierdie betaling ontvang het, aangesien die volgende vir Absa Online-betalings na nie-Absa- en Absa Voertuig- en Batefinansiering-bankrekenings geld.**

- Betalings gemaak op weeksdae voor 15:30 sal gekrediteer word na die bankrekening van ontvangs teen middernag van die dieselfde dag.
- Betalings gemaak op weeksdae na 15:30 sal gekrediteer word teen middernag van die volgende dag.
- Betalings gemaak op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag sal gekrediteer word na die rekening teen middernag van die 1ste volgende weeksdag.
- Betalings kan tot 30 minute neem om in die begunstigde se Voertuigfinansieringsrekening te wys.

Indien jy meer inligting of hulp verlang, skakel ons by 0860 008 600 of +2711 501 5110 (Internasionale oproepe).

Indien jy 'n verkeerde internet betaling gemaak het, stuur asb. 'n e-pos na digital@absa.co.za

Die uwe

**Hoofbestuurder: Digitale Kanale**

Hierdie dokument is bedoel vir die gebruik van die geadresseerde en is vertroulik. As die oordrag hiervan na u misplaas is, kontak ons asseblief onmiddellik. Dankie.

Absa Bank Beperk Reg No 1986/004794/06 Gemagtigde Finansiëledienste en Geregistreerde Kredietverskaffer Reg No NCRCP7 Maatskappy-inligting: www.absa.co.za

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | CREDIT TRANSFER | GKV010 | ABSA BANK Belgie boerdery trus | 4,255.00 | 26145 |

BROTHERS BEEFMASTERS

**NUWE DEELNEMER**

1. **DEELNEMER NO.** /0/7/1/0/3/8/0/
2. **ONTVANG OP** /0/8/-/1/1/-/2/0/2/2/
3. **BETALING ONTVANG** ✓

**KONTROLE LYS**

/ / Voorbereiding
/ / Lidnommer

**IRIS**
/✓/ Skep lid /_000_/
/✓/ Skep lid /_RAS_/ BMA

**Voltooi**
/✓/ Voltooi adres & inligting (maint) /_000_/
/✓/ Voltooi adres & inligting (maint) /_RAS_/
/✓/ Dist (SMU) (user group)
/✓/ MMNM -(MEM,NON-MEM,ISP,)
/✓/ PERF - (STUD)
/✓/ MTYP - (01,02,03,___)

**Extentions**
/✓/ Skep voorvoegsel ( BROTHERS )
/✓/ KKM ( BJ ) **DATUM AKTIEF** /0/1/-/1/1/-/2/0/2/2/

/ / Boek (skryf)
/ / Briewe
/ / Padkaart Iris
/ / Skandeer Ontvangs
/ / Diere saam aansoek
/✓/ Prestasie Toetsing, aktief
Melk, Vleis, Kleinvee
**SESSIE**

*Gerdus

SA STAMBOEK STUD BOOK

**Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging**
(Geregistreer in terme van Wet 62 van 1998)
**South African Stud Book and Animal Improvement Association**
(Registered in terms of Act 62 of 1998)


Adres/Address: Posbus / PO Box 270 • BLOEMFONTEIN • 9300
Telefoon/Telephone: (051) 4100900
Faks/Fax: (051) 4473964
e-Pos/Mail: info@studbook.co.za
Internet: http://www.studbook.co.za


ICAR CERTIFICATE OF QUALITY

Lid van die Internasionale Komitee vir Diereverbetering
Member of the International Committee for Animal Recording

Verw./Ref.: 0710380 (09/11)
Datum/Date: 2022-11-09

**BROTHERS BEEFMASTERS**
**BELGIË BOERDERY TRUST**
**ANNEME VENTER**
**25 BERGLAAN**
**DALSIG**
**STELLENBOSCH**
**7600**

Geagte Deelnemer

AANSOEK OM DEELNAME

Ons wil u graag by SA Stamboek as stoetteler en as 'n lid van die Beefmasters Beestelersgenootskap van SA verwelkom. Dankie vir u deelname aan die verbetering van Suid-Afrika se diere. Ons vertrou dat die Internasionaal erkende aantekeningstelsel, waarop u data aangeteken en verwerk word, vir u van groot waarde sal wees in u poging om u diere te verbeter.

Die volgende Deelnemernommer, voorvoegsel en kuddekenmerkletters is aan u toegeken:

| | |
|---|---|
| **Deelnemernommer:** | **0710380 BMA** |
| **Voorvoegsel:** | **BROTHERS** |
| **Kuddekenmerkletters:** | **BJ** |
| **Effektiewe datum:** | **01-11-2022** |

*U word versoek om altyd u unieke deelnemernommer in al u korrespondensie aan ons te meld.* U kan staatmaak op die volle ondersteuning van hierdie Vereniging met enige hulp wat u mag verlang. Moet asseblief nie huiwer om ons te skakel indien u enige navrae het of hulp benodig nie.

Ons wens u sukses toe met die teel van u diere en vertrou dat u groot bevrediging sal put uit u pogings om u diere te verbeter.

Vriendelike groete,
PHILNA MOELICH
Pp
HOOFBESTUURDER